**Julle moet van bo gebore word!**

**Joh 3:1-15**

**23 Februarie 2025**

1. Vantevore: Die Here Jesus het die tempel gereinig. Hy het aangetoon Hy is die vervulling van die Ou Testamentiese tempel – met Sy dood en opstanding op die derde dag het die tempel se rol tot 'n einde gekom. Hy het Hom ook nie toevertrou aan die mense wat net op grond van Sy tekens geglo het nie.
2. Joh 3:1 "En daar was 'n man" (OAV) – Die gesprek met Nikodemus sluit aan by Joh 2:23-25
3. Wie is Nikodemus? (Joh 3:1-2)
    a. Fariseër, lid van Joodse Raad – gefassineer deur Jesus en Sy tekens
    b. Kom in die nag na Jesus: moontlik omdat hy nie openlik gesien wou word as iemand wat deur Jesus gefassineer is nie, of dit is metafoor vir sy geestelike donker
    c. "Ons" (v2) – waarskynlik sluit hy ander Fariseërs in wat ook soos hy gevoel het
    d. Stelling: Jesus is leermeester wat van God kom – Sy tekens bewys dit
4. Wat beteken: "Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie"? (Joh 3:3-7)
    a. Amen, amen – belangrik en onwrikbaar seker
    b. Jesus ontnugter Nikodemus: Hy is nie deel van koninkryk nie, want hy is nie van bo gebore nie. Nikodemus verstaan glad nie wat die Here Jesus bedoel nie.
    c. Jesus maak twee ekwivalente stellings in v3 en v5:
        - As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy nie die koninkryk van God sien nie (v3)
        - As iemand nie uit water én Gees gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie binnegaan nie (v5)
            - "van bo gebore" = "weer gebore" (v4, Tit 3:5, 1 Pet 1:3)
            - "God se koninkryk sien" = "God se koninkryk binnegaan"
            - God se koninkryk = vervulling van OT koninkryk (Eks 19:6, 2 Sam 7)
            - "van bo gebore" = "weer gebore" = "uit water en Gees gebore"
        - Wat beteken "uit water en Gees gebore" nie?
            - Watergeboorte ≠ fisiese geboorte, waterdoop, Johannes se doop, OT reinigingsgebruike
        - Wat beteken "uit water en Gees gebore" wel? Lees Eseg 36:24-27
            - Watergeboorte = water sprinkel / reiniging van sondeskuld / regverdigmaking (v25)
            - Geestesgeboorte = hartsverandering en heiligmaking deur Heilige Gees (v26,27)
    d. Nikodemus was hoogstens uit die vlees gebore (v6)
5. Hoe kan hierdie dinge gebeur? (Joh 3:8-15)
    a. Nikodemus se kennis help hom nie om te verstaan nie (v10)
    b. Jesus kan wel met gesag praat – Hy kom uit die hemel (vgl Joh 1:18)
    c. Twee dinge is nodig om wedergebore te wees:
        - Werk van Heilige Gees – onvoorspelbaar, tog effektief (v8) – nuwe harte en heiligmaking
        - Werk van Jesus (soos koperslang, Num 21:4-9) – kyk na Hom vir regverdigmaking
6. Toepassing: Sien jy die begeerte na Jesus se reinigingswerk, die effek van die heiligende werk van die Gees?